#18

*Deur* Shelly Bergh
*Foto's* Francois Oberholster

# Op 'n streep

Drie kaal bankies kry trefkrag – met "trane"!

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- drie eenderse houtbankies
- krytverf in allerlei kleure (ons het oorskiet van verskeie handelsname gebruik)
- was of verseëlaar
- breë maskeerband (ons s'n was 7,3cm breed)

**GEREEDSKAP**
- verfkwaste
- G-klampe

## Só maak jy ...







**1** Verf twee van die bankies se sitplekke met twee lae wit of naaswit verf. Laat die verf droog word tussen lae.

**2** Terwyl die twee bankies droog word, meet die lengte van die derde bankie se sitplek en merk die middelpunt. Merk intervalle van dieselfde breedte as die maskeerband oor die sitplek. Plak elke tweede streep toe.










**3** Verf al die ontblote strepe met twee lae verf van jou keuse. Laat die verf goed droog word tussen lae.

**4** Wag tot die tweede laag droog is en trek die maskeerband versigtig af.

**5** Plak nou die strepe toe wat jy in stap 3 geverf het.




**6** Verf al die oop strepe met twee lae verf van jou keuse. Laat elke laag goed droog word. Trek die maskeerband versigtig af wanneer die tweede laag droog is. **7** Stapel die drie bankies op hul sye op mekaar, met die gestreepte een bo. Gebruik afvalhout as spasieerders tussen die pote en klamp die sitplekrande aan mekaar. **8** Plak die onderste rand van die bankie met die soliede strepe toe. Verleng nou elk van die soliede strepe tot sowat halfpad oor die middelste bankie – laai jou kwas met die verf en laat dit oor die middelste en onderste bankie afdrup. Verf eers elke tweede streep, laat dit droog word en herhaal dan met die strepe tussenin. Laat staan tot die verf heeltemal droog is.





**[VERDUN GERUS JOU VERF]**
Annie Sloan-verf is dikker as die meeste ander krytverwe en kan verdun word indien nodig – veral wanneer jy die "traan"-effek wil kry wat ons hier geskep het. Naastenby 1 deel water by 3 dele krytverf behoort perfek te wees.

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 1/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 1 dag

Sal jy graag self so 'n bankie wil maak? Kry die stap-vir-stap-aanwysings van dié projek deur DIY Deon by netwerk24.com/tuis/.

**KONTAK Shelly Bergh** shellybergh.com